So is ons verraai (20)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (10)

Ongekwantifiseerde uitgawes

Baie ander fiskale voordele wat deur die jare deur die swartman, Kleurling en Indiër geniet is, kan weens verskeie redes nie meer vandag in werklike geldwaarde omgesit word nie, en wel om die volgende redes:

i. In die eerste plek het die regering baie besighede in die private sektor wat by die vestiging van grensnywerhede naby tuislande en groeipunte binne die tuislande betrokke was, met groot bedrae geld gesubsidieer. Dit het belastingtoegewings, vervoerrabatte, ensovoort ingesluit. Dit is bykans onmoontlik om sulke bedrae vandag te bereken. Die blote feit dat daar in die grensindustrieë teen die laat sestigerjare reeds ongeveer 500 000 poste vir swartes geskep was, (*Mulder & Cruywagen: 93*) gee egter 'n redelike aanduiding van wat dit moes gekos het. 'n Verdere 7 674 werksgeleenthede is gedurende hierdie tyd in die 'groeipunte' geskep. Teen R343 per werker in die grensindustrieë en R360 per pos in die groeipunte, het die uitgawe ongeveer R174 262 640 per jaar bedra (*Rhoodie et al.: 139*).

ii. In die tweede plek was baie dienste wat aan swartes gelewer is, uit begrotings betaal wat nie per bevolkingsgroep gedifferensieer was nie. Die waarde van die gedeelte aan nie-blankes bestee kan gevolglik nie meer vandag bereken word nie. Terwyl gesondheids- en maatskaplike uitgawes reeds gedeeltelik in die vorige aflewering verantwoord is, is daar baie ander dienste aan nie-blankes gelewer waarvan die monetêre waarde nou, na meer as twee dekades sedert die NP-regering uit die kussings gelig is, onmoontlik bereken kan word. So, byvoorbeeld, is 'n relatief goeie vervoer- en posdiensstelsel, veiligheid- en sekuriteitsdienste vir nie-blankes uit die nie-gedifferensieerde nasionale begrotings befonds. Al sulke uitgawes is van die berekeninge hierbo volledig uitgesluit. Dieselfde geld natuurlik ook vir provinsiale- en munisipale begrotings waaruit water- en elektrisiteitsvoorsiening, riolering, vullisverwyderingsdienste, ens. vereffen is. Hierdie dienste is óf nie deur nie-blankes (veral swartes) betaal nie, óf is sterk deur blanke belastingbetalers gesubsidieer. Op grond van slegs die swartes se bevolkingsgetalle is dit duidelik dat hierdie uitgawes gedurende die 46 jaar van Nasionale Party bewind miljarde rande moes bedra het.

iii. Derdens het die blanke private sektor honderde miljoene Rande tot die welsyn van nie-blankes bygedra. Dink maar aan die tallose opleidingskursusse in feitlik al die ekonomiese sektore wat deur werkgewers voorsien of betaal is; voorts die gesondheid- en pensioenvoordele wat groter korporasies en besigheids-ondernemings vir hul werknemers betaal het; studiebeurse en -geleenthede wat deur verskeie private ondernemings, insluitende nie-regeringsorganisasies soos kerke, gefinansier is; private vervoersubsidies; ensovoort.

iv. Dit is dus voor die hand liggend, dat die bedrae wat in die vorige aflewering aangedui word, nie naastenby die totale uitgawe van die staat en blankes tot voordeel van die nie-blanke bevolking gedurende apartheid weerspieël nie.

Inkomsteverdeling

i. Dit behoort niemand te verbaas nie dat ten gevolge van die welslae van swart onderwys, die koopkrag van swartes dramaties verhoog het sedert die NP in 1948 aan bewind gekom het.

ii. Tussen 1960 en 1970 het die per capita-koopkrag van swartes met ongeveer 70% — veel hoër as die van blankes — toegeneem; en die groei van toe af tot in 1993 was nog groter.

iii. Die verhoging van swart werkers se vergoeding het oor die algemeen ook die toename in lewenskoste oortref, en het vinniger as blanke salarisse gestyg. Die gesaghebbende *Peromnes*-opname het getoon dat swart lone teen die vroeë 1970s feitlik twee maal so vinnig as die van blankes gestyg het.

iv. In 1970 was swartes se aandeel in die totale inkomste van die land 25,5% en daarna het dit skerp gestyg: Teen 1990 het bykans die helfte van die persoonlike inkomste in Suid-Afrika na nie-blankes gegaan, terwyl die blanke aandeel gedurende dieselfde tydperk met 24% gedaal het (*Jeffery: 34*). So, byvoorbeeld, het swartes in 1984 R17 238 000 000 verdien. Dit kom neer op ’n bedrag per capita wat dié van iedere ander land in Afrika oortref het (*Vaqué: 20*).

v. “Apartheid Suid-Afrika” het trouens aan swartes en ander nie-blankes genoegsame geleentheid gebied om miljoenêrs te word. Dit blyk duidelik uit die feit dat daar nie net sulke miljoenêrs is nie, maar ook daaruit dat hulle hul welvaart deur hul eie akademiese en besigheidsvermoëns verwerf het. Hulle het nie kitsmiljoenêrs danksy korrupsie geword, soos later onder die vaandel van die ANC die geval was nie (*Mail & Guardian, 17-23 Augustus 2012; Pretoria News, 27 Julie 2011; Beeld, 17 Mei 2013; Jeffery: 355, 370*).

vi. Selfs die minder welvarende swartes in hierdie land se lewenstandaard was verreweg hoër as dié van alle ander Afrikalande, voor en veral ná *Uhuru*.

vii. Gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu het ’n onbevange Amerikaanse vakkundige bevind dat minder as 20 miljoen swartes in Suid-Afrika meer motors besit het as die bykans 300 miljoen burgers van die USSR en meer as die res van swart Afrika gesamentlik (*Vaqué: 19, 22*).

viii. Reeds teen die middel 1970s het Suid-Afrika se ongeskoolde arbeiders ongeveer dubbel die loon van hulle eweknieë in die res van Afrika verdien. Teen 1974, toe die per capita-BBP van die Soweto-inwoners 575 VSA Dollars bedra het en dié van die gemiddelde swart Suid-Afrikaner $451 was, was die ooreenstemmende bedrae elders as volg: $250 in Togo; $240 in Uganda; $230 in Sudan; $200 in Kenia; $160 in Tanzanië en $120 in Niger (*Gann & Duignan: 145*). In die geval van geskoolde en halfgeskoolde arbeiders was die verskille nog groter. Die lone van hierdie swart Suid-

Afrikaanse arbeiders was 80% hoër as die van hulle eweknieë in Ghana, wat gedurende die 1970s sommige van die hoogste lone in Afrika betaal het (*Department of Information: 62-63*).

ix. Bogenoemde statistiek verklaar waarom Apartheid Suid-Afrika vir baie jare gepla was met ’n onafgebroke stroom onwettige immigrante vanuit Afrikastate; beide voor en veral ná hulle “bevryding”. Teen 1964 was daar reeds ongeveer een miljoen onwettige immigrante in die land (*Van Rensburg: 230*).

x. Gedurende dieselfde tydperk moes baie van die ergste vyande van apartheid — by uitstek die kommunistiese regimes — hulle burgers, wat werklik onderdruk was, met behulp van mynvelde, gewapende patrollies en selfs fisiese versperrings soos die Berlynse muur *binne* hulle lande se grense hou.

xi. Naas onwettige immigrante, het daar meer as ’n miljoen trekarbeiders uit aangrensende “bevryde” buurstate soos Zimbabwe, Botswana, Malawi, Swaziland, Lesotho, Mosambiek en elders, werk en verblyf in Apartheid Suid-Afrika gevind — werk wat hulle nie in hulle eie tuislande kon vind nie (*Tomlinson et al.: 25-27; Gann & Duignan: 71, 264*).

xii. Die nasionale inkomste-aandeel van die Kleurling- en Indiërbevolkings was steeds hoër as die van die swartes. Die Indiërgemeenskap in Suid-Afrika het trouens tydens die apartheidsera die hoogste per capita-inkomste van enige Indiërgemeenskap ter wêreld, insluitend hulle land van oorsprong, gehad (*Department of Information: 77*).

xiii. Die lot van die gewone swarte ná apartheid is miskien die beste bewys dat die swartes wat ’n armoedige bestaan onder die wit bewind gevoer het, nie apartheid vir hulle toestand kon blameer nie. Selfs nadat die ergste sanksies wat ooit teen ’n staat, naamlik Apartheid Suid-Afrika, gevoer is, met die bewindsoorname van die ANC-regering feestelik opgehef is, het die lot van die armste swart bevolking nie ’n snars verbeter nie. Om die waarheid te sê, het die inkomste van die armste 40% van swart huishoudings met 21% *gedaal* vanaf gemiddeld R3 001 per jaar in 1991 tot R2 383 per jaar in 1996. Eweneens het die volgende hoër 20% salarisgroep 4% van hulle inkomste binne 2 jaar *na* apartheid verloor. Gedurende 1991 was die inkomste van die rykste Suid-Afrikaanse huishoudings 31 keer dié van die armstes, en teen 1996 was dit reeds 42 keer soveel; terwyl die gaping skerp groei. Selfs die VN se *Ontwikkelingsprogram* moes erken dat gelykheid in Suid-Afrikaanse inkomste-verspreidingspatrone ná apartheid versleg het. (*Whiteford & Van Seventer: 19-20; Van Zyl Slabbert: 141*).